## Kennisgewing van Omgewingsimpakstudie ter ondersteuning van ‘n Aansoek vir 'n Afvalbestuurslisensie, Komati Kragstasie

Eskom Holdings SOC Bpk het die Komati Kragstasie in Mpumalanga Provinsie heropen. Die kragstasie kan tot 970 MW elektrisiteit produseer. Die verbranding van steenkool by kragstasies produseer as wat weggedoen moet word. By Komati Kragstasie word 'n nat-as stelsel gebruik en die as word weggedoen in die vorm van slyk in spesiaal ontwerpte as-stortingsfasiliteite. Die bestaande as-stortingsfasiliteite by Komati het nie voldoende kapasiteit vir die beplande lewestydperk van die stasie nie en was dit dus nodig om 'n addisionele as-stortingsfasiliteit te ontwikkel.

Eskom het Asdam Uitbreiding 3 identifiseer as 'n lewensvatbare oplossing om die nodige stortingskapasiteit te voorsien tot aan die einde van die lewenstydperk van die kragstasie. In Augustus 2008 is Eskom 'n positiewe Rekord van Besluit (RvB) toegestaan vir die konstruksie en bedryf van Asdam Uitbreiding 3 in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No 107 van 1998 (NEMA) en die 2006 EIA-regulasies. Asdam Uitbreiding 3 is gebou tussen Februarie 2009 en November 2010. Storting in die asdam het nog nie begin nie.

In Julie 2009 is die Nasionale Omgewingsbestuur: Afval Wet, No 59 van 2008 (NEMWA) verorden. Die NEMWA het nuwe wetlike vereistes vir vullisverwydering bekendgestel, insluitend die as wat geproduseer word deur die opwekking van elektrisiteit. Die wegdoening van afval vereis 'n afvalbestuurslisensie in terme van die NEMWA (GNR 718, 3 Julie 2009). Die Departement van Omgewingsake het Eskom ge-adviseer dat 'n afvalbestuurslisensie nodig is vir die werking van Asdam Uitbreiding 3 siende dat die fasiliteit nog nie operasioneel was gedurende die tyd dat die NEMWA verorden is nie.

Eskom het 'n aansoek ingedien vir 'n afvalbestuurslisensie (Verw: 12/9/11/L1010/6) aan die Departement van Omgewingsake. 'n Konsep en Omgewingsimpakstudie proses, soos gestipuleer in die EIA Regulasies (GNR 543, 18 Junie 2010) uitgevaardig kragtens Artikel 24 (5) van die NEMA word vereis om die aansoek te ondersteun. Synergistics Environmental Services (Edms) Bpk is aangestel as die onafhanklike omgewingskonsultante en sal die nodige werk onderneem ter ondersteuning van die afvalbestuurslisensie in terme van die NEMWA.

Eskom het aansoek gedoen by die Departement van Omgewingsake vir vrystelling van sekere bepalings van die 2010 EIA regulasies gebaseer op die feit dat Asdam Uitbreiding 3 reeds voorheen onderwerp is aan 'n Konsep en EIA proses, dat 'n positiewe RvB verkry is en dat die stortingsfasiliteit reeds gebou is. Op 23 Januarie 2013 het die Departement vir Eskom vrygestel van die Konsep proses en 'n verkorte openbare kommentaarperiode is goedgekeur. Belanghebbende en geaffekteerde partye word hiermee in kennis gestel dat 'n Konsepsverslag nie geproduseer sal word nie. 'n Opgedateerde Omgewingsimpakstudie verslag sal aan belanghebbende en geaffekteerde partye beskikbaar gemaak word vir 'n kommentaar vanaf 25 Februarie 2013 tot 15 Maart 2013.

Om verdere inligting oor die projek te ontvang moet u registreer as 'n belanghebbende en geaffekteerde party. Om dit te doen, of om enige bekommernisse met betrekking tot die omgewing uit te lig, kontak asseblief vir:

**Matthew Hemming van Synergistics Environmental Services:**

Tel: (011) 326 4158 Faks: (011) 326 4118

Pos: Posbus 68221, Bryanston, 2021 Epos: matthew@synergistics.co.za

**Regeer asb. op die kennisgewing voor of op 22 February 2013**